

# TENTOONSTELLINGEN

★ Op Maandag 24 Julie het die jong Vlaamse skilderkunskenares, Rose-Marie Laconte (tans mevr. Dely) haar debuut in Suid-Afrika gemaak met 'n tentoonstelling van stillewens, van portrette en Vlaamse, Kongolese en Suid-Afrikaanse landskappe. Die tentoonstelling is in die kunssaal Ateljee-101 in Johannesburg aangebied. Haar werk is besonder goed deur die kritici hier ontvang en daar word baie van haar verwag. Sy is as 'n aanwinst vir die Suid-Afrikaanse skilderkuns bestempel.

Rose-Marie Laconte het Suid-Afrika drie jaar gelede besoek, slegs op deurreis. Haar kuiertjie het 'n permanente karakter aangeneem want sy woon sedertdien met haar eggenoot op Boksburg, enkele myle buite Johannesburg. Boksburg, terloops, is vernoem na E. Bok, een van die Nederlanders wat Paul Kruger se regterhand geword het.

*L. Schultz*